# HOË HOF FOOI TARIEWE

Gepubliseer: Staatskoerant Kennisgewing Nr 48571
Effektiewe datum: 19 Junie 2023

| R-70 | BESKRYWING | EENHEID | ALGEMEEN | PROKUREUR | KANDIDAAT |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | **KONSULTASIES, BYWONINGS, SAMESPREKINGS EN ONDERSOEKE:** | | | | |
| **A - 01** | Konsultasie met 'n kliënt en getuies om 'n geding in te stel of te verdedig, advies oor getuienis of kommissie, verkryging van opinie of die leiding van 'n advokaat by die voorbereiding van pleitstukke, insl. eksepsies, en om 'n petisie of beëdigde verklaring op te stel | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 02** | Konsultasie om appèl aan te teken, voort te sit of te verdedig | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 03** | Hof bywoning ingevolge Reël 37 verrigtinge | Per 15 min* | | R 388.00 | |
| **A - 04** | Bywoning vir bystand gedurende bestrede verrigtinge | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 05** | Samespreking met advokaat ten opsigte van pleitstukke, ingesl. eksepsies en besonderhede van pleitstukke, aansoeke, beëdigde verklarings en getuiens, of enige ander aangeleentheid wat die takseermeester noodsaaklik ag | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 06** | Enige ander samespreking wat die takseermeester noodsaaklik mag ag | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 07** | Enige inspeksie *in situ*, of elders | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 08** | Opwagting by blootlegging of insae | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 09** | Alles insluitende fooi vir konsultasies en samesprekings met 'n kliënt, getuie, ander party of advokaat waarvoor daar nie anders voorsiening gemaak is nie | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **A - 10** | Verskyning of verrigting deur 'n prokureur van enige ander werksaamhede van 'n advokaat, kragtens Wet Nr. 28 van 2014 | | | Reël 69 | |
| **A - 11** | Reis- en wagtyd bestee ten opsigte van A-1 to A-9, plus 'n redelike bedrag vir noodsaaklike vervoerkoste | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **B** | **OPSTEL VAN DOKUMENTE:**<br>**(INSLUITENDE TARIEF VIR DIE OORSPRONKLIKE ALLEENLIK: OPSTEL, NAGAAN, TIK, UITDRUK, AFLEWERING, INDIENING, POSGELD EN POS DAARVAN)** | | | | |
| **B - 01** | Formele verklaring in 'n huwelikgeding, bevestigende beëdigde verklarings, beëdigde verklarings, beëdigde verklarings ten opsigte van betekening of ander formele beëdigde verklarings, inhoudsopgawe vir advokaatsopdrag, kort opdrag, getuie verklarings, prokurasie om te dagvaar of te verdedig, ander formele dokumente en dagvaarding asook voorgeskrewe vorms soos vervat in die Eerste Bylae van hierdie Reëls<br>*Uitgesluit: Besonderhede van vordering aangeheg tot die dagvaarding* | Per bladsy | R 156.50 | | |
| **B - 02a** | Instruksie vir 'n opinie, advokaat se leiding by die voorbereiding van pleitstukke, insluitend verdere besonderhede en versoeke, asook eksepsies | Per bladsy | R 388.00 | | |
| **B - 02b** | Instruksie aan 'n advokaat ten opsigte van enige pleitstukke | Per bladsy | R 388.00 | | |
| **B - 02c** | Eksepsie of beëdigde verklaring, enige kennisgewing, besonderhede van vordering of aanhangsel by die dagvaarding, opinie deur 'n prokureur of enige ander belangrike dokument<br>*Uitgeluit: formele kennisgewing* | Per bladsy | R 388.00 | | |
| **B - 03** | Briewe, ingesluit briewe elektronies versend | Per bladsy | R 156.50 | | |
| **C** | **OPWAGTING EN DEURLESING:** | | | | |
| **C - 01** | Ontvangs, inskrywing, deurlesing, oorweging en liassering van: | | | | |
| **C - 01a** | Dagvaarding, beëdigde verklaring, pleitstuk, advokaat se advies en kopsep, verslag, belangrike brief, kennisgewing of dokument | Per bladsy | R 78.00 | | |
| **C - 01b** | Formele brief, oorkonde, voorraadlys by vrywillige oorgawe, uitsprake of enige ander belangrike dokument nie elders vermeld nie | Per bladsy | R 78.00 | | |
| **C - 01c** | Enige plan, bewysstuk of dokument wat noodsaaklik is vir die aanvoer van die geding | Per bladsy | R 78.00 | | |
| **C - 02** | Sortering, rangskikking en paginering van pleitstukke, advies oor getuienis of opdrag vir 'n verhoor of appèl | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **D** | **DIVERSE:** | | | | |
| **D - 01** | Maak van noodsaaklike afskrifte, insluitend fotostate, van enige dokument of stukke waarvoor daar nie elders voorsiening gemaak is nie | Per A4 bladsy | R 6.00 | | |
| **D - 02** | Opwagting om vertaling te reël en dit daarna te bekom | Per 15 min* | | R 388.00 | R 120.50 |
| **D - 03** | Noodsaaklike telefoonoproepe, werklike uitgawe uitgesluit | Per 5 min* | | R 130.00 | R 40.00 |
| **D - 04** | ... | | | | |
| **D - 05** | Getuienis: Billike en rederlike vorderings en uitgawes aangegaan vir die verkryging van die getuienis en die bywoning van die getuies wie se getuiegelde by taksasie toegestaan is.<br>Met dien verstande dat die voorbereidingsgelde van 'n getuie nie sonder 'n hofbevel of toestemming van alle belanghebbende partye toegestaan word nie. | | | | |

| R-70 | BESKRYWING | EENHEID | ALGEMEEN | PROKUREUR | KANDIDAAT |
|---|---|---|---|---|---|
| **E** | **KOSTEREKENING:** | | | | |
| **E - 01** | Opstel, maak van nodige afskrifte en opwagting by afrekening<br>*(Bereken op die Prokureur se fooie alleenlik)* | | Minimum Fooi:<br>R 309.50 | 11.00% | |
| **E - 02** | Reël en behartiging van die taksasie<br>*(Bereken op die totale bedrag van die rekening)*<br>i) Eerste R 10 000 of gedeelte daarvan<br>ii) Tweede R 10 000 of gedeelte daarvan<br>iii) Balans van die rekening | | Minimum Fooi:<br>R 309.50 | <br><br>11.00%<br>6.00%<br>3.00% | |
| **F** | **TENUITVOERLEGGING:** | | | | |
| **F - 01** | Opstel, uitreik en uitvoer van 'n lasbrief vir eksekusie en alle opwagtinge in verband daarmee, uitgesluit balju gelde (indien nie getakseer) | | R 772.00 | | |
| **F - 02** | Heruitreiking | | R 194.00 | | |



**TYD EENHEDE:** Minute of gedeelte daarvan *